NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 26
4 Augustus 2022

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## In Jesus se voetspore

**Toe ek as jong predikant my plek in die Kerk ingeneem het, het die ou oom Dominees gespot oor my pienk wange en blinksterogies. Gou het ek agtergekom hulle verwys eintlik na die naïwiteit waarmee 'n student die Kerk betree. Maar ek was reg daarvoor.**

Soos die tyd verloop het, het die realiteit ons maar almal laat besef dat dit nie aldag maklik is nie. Met finansiële vergaderings wat dalende syfers, stygende uitgawes en moedelose gesigte vervat, het ek maar elke keer die professore se woorde gehoor: *Iewers gaan jy 'n tweede beroep ook hê.*

In 2016 het daardie ander wêreld my realiteit geword. Dit was 'n moeilike besluit, want die Kerk was wat ek geken het, wat ons as gesin geken het. My kinders het tydens huisbesoeke op gemeentelede se banke hul middagslapies gehad. Gemeente-ooms is as Oupa aangespreek, en ek kon enige tyd by gemeentelede aandoen – en enige tyd in die dag beskikbaar wees.

Ek het die wêreld van onderwys gekies, onder andere omdat ek steeds so naby moontlik aan my kinders wou wees. Dit was 'n moeilike begin. My kinders was klein, en ewe skielik was ek nie net met 'n ander beroep gemoeid nie, maar moes ek ook weer student wees. Party dae besef ek dat dit net met genade is dat ons daardeur gekom het. Genade, en 'n ongelooflike man.

Vandag is ek al vyf jaar lank ook bekend as Juffrou Marlize by die liggroen deur. Graad 1-juffrou. Onder andere by dieselfde skool as my twee mannetjies. Maar jakkals verander van haar, nie van snaar nie. Dit was nie lank nie, of ek het die Voedingskema by die skool oorgeneem, en gesorg dat almal elke dag kos het. Ek vul die Vorderingsblaaie soos 'n ware dominee in, met volledige inligting oor emosionele vordering. Ek moes 'n nota maak om te onthou van skolastiese uitvalle en vorderings. Ek raak betrokke by gesinne wat seker nooit hul voete in 'n kerk sal sit nie. En geleenthede waarby ek begin verstaan hoekom my wêreld op sy kop gekeer moes word.

Dit was vir die gemeente ook 'n groot verlies en aanpassing. Die grootste hiervan is my beskikbaarheid. Begrafnisse is byvoorbeeld nou in die middag om by die skoolure aan te pas. Dit het al gebeur dat ek kerk toe ry, en iewers in die ry my netbalafrigtingshemp uittrek, en die begrafnishemp aantrek!

Alhoewel ek in deeltydse hoedanigheid is, is die Kerk steeds my passie, my Huis. So, ek is nog baie betrokke in die gemeente, en dis vir my lekker. Dis waar ek weer besef hoekom ek nie verniet opgewonde oor die Kerk was nie. Want dis waar ek God se werking so duidelik sien, waar ek leer om te vertrou, en te weet dat God sorg.

Maar dis nodig dat ons almal breër oor die werk van die Kerk sal moet begin dink, dat ons waarlik sal verstaan wat dit beteken om kerk te wees. Want Jesus het nie elke dag in die tempel gewerk nie. Hy was tussen die skares, Hy het kos gegee, aan mense geraak, betrokke geraak by mense wat ook in alle waarskynlikheid nie verder by Hom betrokke sou wou wees nie. Maar Hy was daar. Hy het in liefde ons almal gered.

Daarom probeer ek elke dag om in sy voetspore te volg... Een tree as Dominee Marlize, en een groot geduldige tree wanneer ek hoor: *Ek gaan vir Juffrou sê!*

**Ds Marlize Gasson, Gemeente Benoryn**

## Lief en leed



Jasper van der Westhuizen

- Voormalige predikant van die NHKA **JPC (Jasper) van der Westhuizen** (52) is Donderdagmiddag 28 Julie oorlede. Sy roudiens op Saterdag 13 Augustus om 11:00 vanuit Gemeente Randfontein Midpark sal gelei word deur dr EB (Ernest) Marran. Ons innige meelewing gaan aan sy vrou, Cia, en hul naasbestaandes.

- Baie geluk aan **ds Janine en Alwyn Fourie** met hul goeie nuus. Die egpaar verwag 'n babadogtertjie rondom 15 November.

- Baie geluk ook aan **ds Liza en Wilhelm Jansen** van Witbank-Suid wat hul babaseuntjie teen die middel van Desember verwag.



Ds Janine en Alwyn Fourie



- Baie geluk aan **mnr Johan Hattingh**, bedryfshoof van die NHKA, wat op 28 Julie sy MBA-graad by Noordwes-Universiteit ontvang het. Hy het die graad met lof ontvang onder leiding van sy studieleier, prof Hein Prinsloo van die NWU Besigheidskool. Die titel van die verhandeling was *Developing a marketing strategy for ministries in the reformed churches in South Africa*. In die verhandeling word vermeld dat bemarking vir die kerk 'n vreemde term is. Die verhandeling het egter die belangrikheid van 'n bemarkingstrategie bewys, veral met 'n afname in lidmaatgetalle in die drie susterskerke. Hierdie afname kan ook toegeskryf word aan die verlies aan markaandeel in 'n spesifieke marksegment. Die probleemstelling het aanleiding gegee tot die navorsingsvraag: Watter bemarkingstrategie kan ontwikkel word om die gereformeerde susterskerke, en meer spesifiek die NHKA, te help om markaandeel te herwin deur effektiewe en doeltreffende bemarking? Volgens mnr Hattingh was dit vir hom 'n groot voorreg dat sy studieleier, prof Hein Prinsloo, die geleentheid bygewoon het, en dr Rudy Denton deel was van die afsluiting van die gradeplegtigheid en akademiese prosessie. **Op die foto** is van links na regs prof Hein Prinsloo, Johan Hattingh en dr Rudy Denton.

- **Die volgende predikante verjaar tot 12 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**

    - Donderdag 4 Augustus: Di JJ (Jan) Claassen (55) (Naboomspruit) en PS (Stephan) van Tonder (69) (emeritus)
    - Vrydag 5 Augustus: Ds PW (Duwies) Duvenage (62) (Barberton)
    - Saterdag 6 Augustus: Ds RG (Renier) Lee (72) (emeritus)
    - Sondag 7 Augustus: Prof LJS (Lourens) Steenkamp (76) (emeritus/Makarios), di HJ (Kobus) Celliers (56) (Brits), EJ (Rassie) Smit (74) (emeritus) en JAP (Johans) van Tonder (60) (siekte-emeritaat)
    - Maandag 8 Augustus: Ds JB (Jan) Schutte (71) (emeritus)
    - Woensdag 10 Augustus: Di J (Johan) Ayres (63) (Germiston) en D (Denise) Schmidt (50) (Jeffreysbaai/Port Elizabeth)

## Gemeentes en bediening

- **Ds JJ (Johan) Greyling** lewer sy intreepreek by Gemeente Bethal op **Sondag 14 Augustus om 11:00**. Belangstellendes wat die geleentheid en die verrigtinge na die diens wil bywoon, moet asseblief **teen 7 Augustus** vir Lietie by 082 771 4112 laat weet.

- **Ds LK (Lilian) Erasmus** (Wonderboom-benoeming), wat die beroep na Wonderboom aanvaar het, word op **Sondag 14 Augustus** opnuut in die gemeente verwelkom.

- Alle gemeentes van die **ring van Bothaville** wat intern oudit, asook die ring se boeke, is volledig geoudit vir die 2021-'22-boekjaar. Die state van Gemeente Bothaville wat ekstern geoudit word, word afgewag.

